



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 9 Junie – Handeling 2 : 1-21

Stil word en aanbidding: Dink na oor God se teenwoordigheid in die wêreld rondom jou. Hoe is dit die afgelope tyd ervaar? Lees Psalm 104: 24-33 as 'n gebed.

Woord: Die Jode het drie groot feeste gehad: die Paasfees, Pinksterfees en Loofhuttefees. Die eerste twee was beide oesfeeste. Tydens Paasfees moes die eerste gerf van die oes as offer na die priester gebring word. Sewe weke later is Pinksterfees gevier, ook genoem die Fees van die Weke. Dan is die eerste brood wat gebak is van die meel van die oes wat pas ingesamel is, as offer gebring. God is gedank vir die reën, die vrugbaarheid van die grond en die oes wat ingesamel is. Die siklus van planttyd tot oestyd is voltooi. Die uitstorting van die Heilige Gees het "op die dag van die Pinksterfees" plaasgevind. Die uitstorting van die Heilige Gees dui nou daarop dat alles wat God gedoen het, nou voltooi is. Nou met die koms van die Heilige Gees, kan die vrug daarop, die "oes", geniet word. Die Gees stel ons in staat om dit ten volle te geniet. Lees Hand. 2:1-21.

Gesprek

1. Die eerste van die 3 tekens wat met die koms van die Heilige Gees gepaardgegaan het, was "'n geluid soos van 'n geweldige stormwind'. Die geluid het gedien het om vrees by gelowiges in te boesem, om hulle hulle eie hulpeloosheid te laat besef, want met trotse mense wat op hulleself staatmaak, kan God nie werk nie. Die wind teken die Heilige Gees as 'n gedugte mag wat deur die wêreld, die kerk, en mense se lewe trek en hulle verander, hulle uit hulle verkeerde opvattinge uitruk, en hulle neem waar hulle nie voorheen wou wees nie. *Gesels of die Heilige Gees mense ook in ons tyd los skud van hulle skynbaar veilige en vaste fundamente.*
2. Die tweede teken: "Hulle het *iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.*" Vuur is op talle plekke in die Skrif gebruik om God se teenwoordigheid aan te dui en is ook simbool van reinigende krag wat onreinheid wegneem. *Tot watter mate, dink julle, het ons as Jesus-volgelinge dit nodig dat die vuur van die Gees ons eg, suiwer, skoon en onvervals maak?*
3. Die derde teken: "*in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom.*" Die teken van die vuur tonge sê dat die Heilige Gees aan Jesus-volgelinge 'n tong van vuur gee om van Jesus te getuig. *Is getuieis deurlopend steeds 'n prioriteit van Jesus-volgelinge? Hoe word dit sigbaar in ons leefwêreld?*
4. **Die Heilige Gees werk** ... op watter maniere sien ons die werking van die Heilige Gees vandag? Hoe ervaar julle dit? Hoe verduidelik ons dikwels die teenwoordigheid van die Gees in ons lewens? Wat is die gevolg van die Gees se werking in my lewe in 2019?

Doen en Dink: Hoe het die Gees jou verander? Het die Gees jou hart, houding, denke, optrede ens. verander? Wat was die gevolg? Die Heilige Gees bemagtig ons om ons geloof te gaan deel en ons hande na ons naaste uit te strek. Hoe en wat kan julle hierdie week daarmee gaan doen?